MENIKO

WERKSMANS LIBRARY

DIE PROVINSIE TRANSVAAL
Buitengewone Offisiële Koerant

THE PROVINCE OF TRANSVAAL
Official Gazette Extraordinary

(As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer)

(Registered at the Post Office as a Newspaper)

VOL. 218 PRETORIA 29 OKTOBER 29 OCTOBER, 1974 3722

Administrateurskennisgewing 1956 29 Oktober 1974

REGULASIES BETREFFENDE DIE OPRIGTING, INSTALLERING, BEHEER, GEBRUIK OF VERWYDERING VAN ENIGE ANTENNESTELSEL VIR DIE ONTVANGS VAN KLANK- EN TELEVISIERADIO-UITSENDINGS.

Die Administrateur stel hierby, ingevolge die bepalings van artikel 164A van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 (Ordonnansie 17 van 1939), en artikels 16(2) en 41 van die Ordonnansie op die Transvaalse Raad vir die Ontwikkeling van Buitestedelike Gebiede, 1943 (Ordonnansie 20 van 1943), die volgende regulasies op.

REGULASIES BETREFFENDE DIE OPRIGTING, INSTALLERING, BEHEER, GEBRUIK OF VERWYDERING VAN ENIGE ANTENNESTELSEL VIR DIE ONTVANGS VAN KLANK- EN TELEVISIERADIO-UITSENDINGS.

Woordomskrywing.

1. In hierdie Regulasies, tensy uit die samehang anders blyk, beteken —

"antennestelsel" 'n enkele antennestelsel of 'n gemeenskaplike antennestelsel soos in die Kode omskryf of 'n multipaar-HF-distribusiestelsel soos in die Spesifikasie omskryf;

"die Kode" die Gebruikskode van die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde, SABS 061 — 1973, vir die Installering van Antennestelsels (Gemeenskaplik en Enkel) vir die Ontvangs van BHF- en UHF-klank- en -televisieradio-uitsendings (Metrieke Eenhede);

"die Ordonnansie" die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 (Ordonnansie 17 van 1939);

"die Spesifikasie" die Spesifikasie van die Sentrale Standaardisasiekomitee, CKS 387 — 1973, vir Multipaar-HF-televisie-distribusiestelsels (Metrieke Eenhede), gepubliseer deur die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde;

"eienaar", met betrekking tot 'n perseel, die geregistreerde eienaar van sodanige perseel;

"okkupant", met betrekking tot 'n perseel, die persoon wat inderdaad sodanige perseel okkupeer;

"perseel" 'n erf, lot, plot, standplaas of ander soortgelyke onderverdeling van grond binne 'n dorp wat kragtens enige wet gestig of erken word, en sluit enige woonhuis of ander gebou daarop in: Met dien verstande dat waar sodanige woonhuis of gebou oor meer as een sodanige onderverdeling strek, sodanige onderverdeling vir die toepassing van hierdie Regulasies as een onderverdeling geag word;

Administrator's Notice 1956 29 October, 1974

REGULATIONS RELATING TO THE ERECTION, INSTALLATION, CONTROL, USE OR REMOVAL OF ANY AERIAL SYSTEM FOR THE RECEPTION OF SOUND AND TELEVISION BROADCAST TRANSMISSIONS.

The Administrator, in terms of the provisions of section 164A of the Local Government Ordinance, 1939 (Ordinance 17 of 1939), and sections 16(2) and 41 of the Transvaal Board for the Development of Peri-Urban Areas Ordinance, 1943 (Ordinance 20 of 1943), hereby makes the following regulations:

REGULATIONS RELATING TO THE ERECTION, INSTALLATION, CONTROL, USE OR REMOVAL OF ANY AERIAL SYSTEM FOR THE RECEPTION OF SOUND AND TELEVISION BROADCAST TRANSMISSIONS.

Definitions.

1. In these Regulations, unless the context otherwise indicates —

"aerial system" means a single aerial system or a communal aerial system as defined in the Code or an HF wired distribution system as defined in the Specification;

"local authority" means a city council, town council, village council or health committee constituted in terms of the provisions of the Local Government Ordinance, 1939 (Ordinance 17 of 1939), and includes the Transvaal Board for the Development of Peri-Urban Areas established in terms of the provisions of the Transvaal Board for the Development of Peri-Urban Areas Ordinance, 1943 (Ordinance 20 of 1943);

"occupier", in relation to any premises, means the person in actual occupation of such premises;

"owner", in relation to any premises, means the registered owner of such premises;

"premises" means an erf, lot, plot, stand or other similar subdivision of land within a township established or recognized under any law and includes any dwelling-house or other building thereon: Provided that where any such dwelling-house or building extends over more than one such subdivision, such subdivisions shall, for the purposes of these Regulations, be deemed to be one subdivision;

"the Code" means the Code of Practice of the South African Bureau of Standards, SABS 061 — 1973, for the Installation of Aerial Systems (Communal and Single)

"plaaslike bestuur" 'n grootstadsraad, stadsraad, dorpsraad of gesondheidskomitee wat ingevolge die bepalings van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 (Ordonnansie 17 van 1939), ingestel is, en omvat die Transvaalse Raad vir die Ontwikkeling van Buitestedelike Gebiede wat ingevolge die bepalings van die Ordonnansie op die Transvaalse Raad vir die Ontwikkeling van Buitestedelike Gebiede, 1943 (Ordonnansie 20 van 1943), gestig is,

en enige ander woord of uitdrukking het die betekenis wat in die Ordonnansie of in die Kode of in die Spesifikasie, na gelang van die geval, daaraan geheg word en in die geval van 'n teenstrydigheid tussen die Ordonnansie en die Kde of tussen die Ordonnansie en die Spesifikasie, is die betekenis wat geheg word aan 'n woord of uitdrukking wat in die Kode of in die Spesifikasie vervat is, na gelang van die geval, van krag.

'n Antennestelsel mag nie sonder die goedkeuring van die plaaslike bestuur geïnstalleer, opgerig of gebruik word nie.

2.(1) Niemand mag enige antennestelsel op enige perseel oprig, installeer of gebruik sonder dat daar vooraf daarom aansoek gedoen is by, en die skriftelike goedkeuring verkry is van, die plaaslike bestuur binne wie se regsgebied sodanige perseel geleë is nie: Met dien verstande dat ten opsigte van 'n enkele antennestelsel geen sodanige goedkeuring nodig is nie waar die mas van sodanige antennestelsel nie meer as 3 m bokant die hoogste punt van enige gebou op sodanige perseel uitsteek nie.

(2) 'n Aansoek om enige goedkeuring in subregulasie (1) genoem, moet in die vorm soos in Bylae A by hierdie Regulasies by die betrokke plaaslike bestuur gedoen word en sodanige aansoek moet vergesel gaan van die planne, tekeninge en ander inligting op sodanige vorm aangedui en 'n bedrag van R10 betaalbaar aan sodanige plaaslike bestuur.

(3) By ontvangs van enige aansoek ingevolge die bepalings van subregulasie (2) ten opsigte van enige perseel kan die betrokke plaaslike bestuur sodanige perseel inspekteer of laat inspekteer of enige bykomende inligting aanvra wat hy nodig of wenslik mag ag met die doel om sodanige aansoek te kan oorweeg.

(4) Enige goedkeuring vir 'n antennestelsel ingevolge die bepalings van subregulasie (1) kan verleen word onderworpe aan sodanige voorwaardes as wat die betrokke plaaslike bestuur na goeddunke kan stel ten opsigte van —

(a) die estetiese voorkoms van sodanige stelsel;

(b) die veiligheid en stabiliteit van sodanige stelsel;

(c) die sterkte en stabiliteit van die struktuur waarop sodanige stelsel opgerig of geïnstalleer gaan word; en

(d) die maatreëls wat getref moet word om toegang tot sodanige stelsel deur ongemagtigde persone te voorkom:

Met dien verstande dat daar geen voorwaarde gestel mag word wat 'n steuring sal of kan veroorsaak in die ontvangs van klank- en televisieradio-uitsendings nie.

for the Reception of VHF and UHF Sound and Television Broadcast Transmissions (Metric Units);

"the Ordinance" means the Local Government Ordinance, 1939 (Ordinance 17 of 1939);

"the Specification" means the Specification of the Central Standardization Committee, CKS 387 — 1973, for Television HF Wired Distribution Systems (Metric Units), published by the South African Bureau of Standards,

and any other word or expression has the meaning assigned thereto in the Ordinance or in the Code or in the Specification, as the case may be, and in the case of any conflict between the Ordinance and the Code or between the Ordinance and the Specification, the meaning assigned to any word or expression contained in the Code or in the Specification, as the case may be, shall prevail.

Aerial system not to be installed, erected or used without approval of local authority.

2.(1) No person shall erect, instal or use any aerial system on any premises without having applied for and obtained the prior written approval of the local authority within whose area of jurisdiction such premises are situated: Provided that in respect of a single aerial system no such approval shall be necessary where the mast of such aerial system is erected on a building on such premises and such mast does not project more than 3 m above the highest point of such building.

(2) An application for any approval referred to in subregulation (1), shall be made to the local authority concerned in the form as set out in Schedule A to these Regulations, and such application shall be accompanied by the plans, drawings and other information indicated on such form and by a fee of R10 payable to such local authority.

(3) On receipt of any application in terms of subregulation (2), in respect of any premises, the local authority concerned may inspect such premises or cause such premises to be inspected, or call for such further information as it may deem necessary or expedient for the purpose of considering such application.

(4) Any approval for an aerial system in terms of the provisions of subregulation (1) may be given subject to such conditions as the local authority concerned may deem fit to impose in respect of —

(a) the aesthetic appearance of such system;

(b) the safety and stability of such system;

(c) the strength and stability of the structure on which such system is to be erected or installed; and

(d) the means to be adopted to prevent access to such system by unauthorized persons:

Provided that no condition shall be imposed which would interfere or would be likely to interfere with the reception of sound and television broadcast transmissions.

Beperking op die oprigting, installering of gebruik van antennestelsels.

3.(1) Niemand mag —

(a) 'n antennestelsel wat nie aan die bepalings van die Kode of die Spesifikasie, na gelang van die geval, voldoen nie, op enige perseel oprig, installeer of gebruik nie;

(b) meer as een antennestelsel op enige perseel oprig, installeer of gebruik nie; of

(c) 'n antennestelsel oprig, installeer of gebruik wat 'n ander perseel dien as dié waarop sodanige stelsel opgerig of geïnstalleer is nie.

(2) Behoudens die bepalings van subregulasies (3) en (4), mag niemand 'n ander antennestelsel as 'n gemeenskaplike antennestelsel op enige perseel oprig, installeer of gebruik nie.

(3) Iemand kan 'n enkele antennestelsel oprig, installeer of gebruik op enige perseel —

(a) waarop daar 'n enkele woonhuis met inbegrip van die bybehorende buitegeboue, maar uitgesonderd 'n skakelwoonhuis staan; of

(b) waar daar nie meer as een eienaar of huurder van 'n televisie-ontvangstoestel is nie:

Met dien verstande dat waar daar ten opsigte van sodanige perseel meer eienaars of huurders van televisie-ontvangstoestelle is wat lede of bediendes van dieselfde huishouding is, daar geag word dat daar op sodanige perseel nie meer as een eienaar of huurder van 'n televisie-ontvangstoestel is nie.

(4) Iemand kan 'n multipaar-HF-distribusiestelsel oprig, installeer of gebruik op enige perseel waarop daar 'n gebou is wat 'n hotel is, of waarin daar voorsiening gemaak word vir die akkommodasie van mense in kantore, kamers of ander gedeeltes van sodanige gebou wat vir die doel van sodanige akkommodasie toereikend gemeubileer is deur die persoon wat sodanige akkommodasie verskaf.

Kennisgewing van voltooiing van installering of oprigting van antennestelsel.

4.(1) Binne 14 dae na die voltooiing van die oprigting of installering van enige antennestelsel op enige perseel, moet die persoon wat vir die oprigting of installering van sodanige stelsel verantwoordelik is, per aangetekende pos aan die betrokke plaaslike bestuur en die aansoeker in regulasie 2 genoem, 'n veiligheidswaarborg en sodanige ander inligting as wat in die vorm vervat in Bylae B by hierdie Regulasies uiteengesit word, verstrek.

(2) Die plaaslike bestuur moet 'n rekord hou van alle vorms wat ingevolge die bepalings van subregulasie (1) aan hom verstrek is; en enige sodanige rekord is gedurende gewone kantoorure ter insae van enigiemand by betaling aan die betrokke plaaslike bestuur van 'n bedrag van R1 vir elke sodanige insae.

Geëndosseerde besonderhede op sekere bouplanne.

5.(1) Iemand wat voorneemens is om —

(a) 'n nuwe gebou op enige perseel op te rig; of

(b) die vloeroppervlakte van 'n bestaande gebou op enige perseel met minstens 40% van die vloeroppervlakte van sodanige bestaande gebou uit te brei,

Restriction on the erection, installation or use of aerial systems.

3.(1) No person shall erect, instal or use —

(a) any aerial system which does not comply with the provisions of the Code or the Specification, as the case may be, on any premises;

(b) more than one aerial system on any premises; or

(c) an aerial system which serves premises other than those on which such system is erected or installed.

(2) Subject to the provisions of subregulations (3) and (4), no person shall erect, instal or use any aerial system other than a communal aerial system on any premises.

(3) A person may erect, instal or use a single aerial system on any premises —

(a) on which there is a single dwelling-house including any outbuildings appurtenant thereto but excluding any semi-detached dwelling-house; or

(b) which have not more than one owner or hirer of a television receiver:

Provided that where in respect of such premises there are more owners or hirers of television receivers who are members or servants of the same household, such premises shall be deemed to have not more than one owner or hirer of a television receiver.

(4) A person may erect, instal or use an HF wired distribution system on any premises which have a building thereon which is an hotel or in which provision is made for the accommodation of persons in offices, rooms or other portions of such building which are adequately furnished for the purposes of such accommodation by the person providing such accommodation.

Notification of completion of installation or erection of aerial system.

4.(1) Within 14 days after the completion of the erection or installation of any aerial system on any premises, the person responsible for the erection or installation of such system shall by registered post furnish the local authority concerned and the applicant referred to in regulation 2 with a safety warranty and such other information as is set out in the form contained in Schedule B to these Regulations.

(2) The local authority shall keep a record of all forms furnished to it in terms of the provisions of subregulation (1) and any such record may be inspected by any person during normal office hours on payment of a fee of R1 for each such inspection to the local authority concerned.

Particulars to be endorsed on certain building plans.

5.(1) Any person who intends —

(a) to erect a new building on any premises; or

(b) to extend the floor area of an existing building on any premises by not less than 40% of the floor area of such existing building,

3. Die betrokke planne en tekeninge, met inbegrip van strukturele besonderhede van die antennestelsel wat opgerig en geïnstalleer gaan word, is by hierdie aansoek aangeheg.

3. Attached to this application are the relevant plans and drawings, including structural details, of the aerial system to be erected and installed.

moet sorg dat daar in die betrokke bouplanne toereikende voorsiening gemaak is vir leipype, aansluitkaste en sodanige ander toebehores wat vir die oprigting of installering van 'n toepaslike antennestelsel nodig is en

shall ensure that adequate provision has been made in the building plans concerned for conduits, junction boxes and such other fittings as are required for the erection or installation of an appropriate aerial system and shall

4. Verstrek die volgende inligting:

Materiaal van die mas .....

Tipe fondament en die monteermetode .....

.....

Stabiliseringsmetode .....

Materiaal van gebou waarop dit opgerig gaan word

.....

Krag- en sinjaalkabels sal/sal nie in dieselfde leipyp,

4. Furnish the following information:

Material of the mast .....

Type of foundation or method of fixing .....

.....

Method of stabilising .....

Material of building on which it is to be erected

.....

Power and signal cables will/ will not run in the

Gedruk vir die Transvaalse Provinsiale Administrasie, Pta., deur Hoofstadpers Beperk, Posbus 422, Pretoria.

Printed for the Transvaal Provincial Administration, Pta., by Hoofstadpers, Beperk, P.O. Box 422, Pretoria.